

Redaksioneel

In hierdie Aflewering word hoofsaaklik bydraes gepubliseer wat as referate by twee onderskeie jaarkongresse van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk gelewer was. Dit het onderskeidelik as tema die Heidelbergse Kategismus en die Groot Trek. Beide temas weerspieël iets, vir die buitestaander dikwels 'n paradoksale teologiese geaardheid, van die Nederduitsch Hervormde Kerk - 'n Kerk wat homself graag ekklesiologies as 'volkskerk' beskryf en konfessioneel die Reformatoriese belydenisskrifte handhaaf, maar hom sterk afgrens teen die gereformeerde ortodoksie.

Naas die bydraes oor die Heidelbergse Kategismus en die Groot Trek, word drie ander artikels in die onderhawige Aflewering opgeneem. Al drie is die resultate van navorsing wat onderskeidelik in die Ou-Testamentiese wetenskap, die Nuwe-Testamentiese wetenskap en die Praktiese Teologie onderneem is. WC van Wyk jr, verbonde aan die Departement Semitiese Tale aan die Randse Afrikaanse Universiteit, stel ondersoek in na die teologiese relevansie van die boek Prediker. SJ Nortjé, verbonde aan die Departement Bybelkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit, betoog dat die ruimtelike uitdrukking in die Evangelie van Johannes, 'Betanië oorkant die Jordaan', teologies betrekking het op die Johannese klemtoon op die ontmoeting van die 'wêreld van bo' met die 'wêreld van onder'. HJC Pieterse, verbonde aan die Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika, gaan in op die vraag of prediking vandag wat gebaseer is op moderne eksegetese, die moontlikheid bevat dat God op grond daarvan ontmoet kan word.

JP Oberholzer is wat die Heidelbergse Kategismus betref, 'n uitstaande kenner van die bronne, die wording en die teksgeskiedenis daarvan. In sy artikel oor die eerste jare van die Heidelbergse Kategismus, gaan hy in op die politieke omstandighede in die Paltsgraaafskap en Keurvorstedom wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Kategismus en tot die verwickelinge in die eerste jare daarna. JJ Steenkamp, uitgaande van die standpunt dat die Heidelbergse Kategismus 'n soort samevatting van die Heidelbergse teologie is, gaan in op die bydraes wat Ursinus, die opsteller van die Kategismus, en Olevianus onderskeidelik gelewer het tot die vestiging van die Heidelbergse teologie. BJ Engelbrecht betoog in sy artikel dat die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus inhoudelik nie van mekaar verskil nie, maar wel wat vorm betref. Eersgenoemde is polemies van aard en laasgenoemde kategeties. GC Velthuysen bespreek weer die ooreenkomste en verskille tussen die Kort Begrip van Faulkelius as samevatting van die Heidelbergse Kategismus en die Kategismus self. Hy toon aan dat die Kort

Begrip die produk was van en diensbaar was aan die skolastiek as stroming in die gereformeerde ortodoksie.

Wat die Groot Trek betref, beskryf AD Pont die geskiedenis van die Voortrekkerkerk in die jare 1837-1852. Die Groot Trek was die emigrasie van ongeveer vyftien duisend Hollands-Afrikaansspreekende pioniers uit die oosgrensdistrikte van die Kaapkolonie. Pont toon aan dat daar 'n duidelike verskil in opvatting van die plek van die kerk in die samelewingstruktuur van die Voortrekkers was. Hy dui ook aan dat die Voortrekkers nie hulle geloofsverbintenis met die Kaapse Kerk wou verbreek het nie. Hy gaan in op die omstandighede wat aanleiding gegee het dat die Voortrekkers 'n eie, selfstandige kerk georganiseer het. JP Oberholzer vra of dit Natal of Transvaal sou wees wat as ruimte die ideaal van die Voortrekkers die beste verwesenlik het. JMG Storm bespreek weer die aanloop tot die Konvensie van Sandrivier as die afloop van die Groot Trek. Volgens Storm het die Voortrekkerkerk ook hier sy 'groot trek' voltooi: *burgerlijk vrij en onafhankelijk, wenschen wij ook in het kerklijke.*